UITGAWE 11, AUGUSTUS 2022

# Fontiepos




## BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

**MEDE-FONTIE**

Diegene wat my goed ken, sal weet dat ek altyd in verwondering oor die Afrikaanse taal, kultuur en gemeenskap praat. Ek staan in verwondering oor ons Fonties se omgeehart wat ons gedurende Omgeeweek gesien het.

Die liedjie wat die afgelope paar weke in my kop afgespeel het, is ŉ bekende Johannes Kerkorrel-liedjie, *Hillbrow*. As jy na die lirieke gaan kyk, herhaal hy die woorde "gee, gee, gee" gereeld en dit is presies wat ons Fonties hierdie maand gedoen het.

Die idee agter hierdie hele projek was tog immers om bewusmaking deur studente vir die gemeenskap te skep. Mag dit wel vir ons ŉ uitdaging wees om nie net met spesiale geleenthede te gee nie, maar daagliks, want om te dien en te gee bring die beste in almal na vore.

Bo en behalwe Omgeeweek, is daar ook ŉ nuwe fakulteit geskep, die eerste dame- en mansêrgroepe is bekend gestel en daar is aksiehokkie vir die studente wat afgeskop het.

Mag ons in die volgende paar maande van hierdie jaar voortbou op hierdie boustene, mekaar ondersteun, maar ook onthou om om te gee vir mekaar, want dit is wat ons eintlik saamsnoer om die wêreld ŉ beter plek te maak.

Sterkte met al julle verrigtinge. Ek is trots op een en elk van julle. Geniet hierdie uitgawe!



*Groete*
**ELISMA VAN DER WATT**



GELUKKIGE VROUEMAAND VIR AUGUSTUS

**"Somer en herfs en winter trek deur wye onafgebroke wisseling deur die land, maar sy bly draer van die lente, want liefde het haar verhef bo die getye."**

– Elizabeth Eybers, uittreksel uit *Die vrou*



## SPAARWENK VIR DIE MAAND

"Stel jou begroting op soos wat jy dink jy jou geld gaan spandeer," sê Jaco Mostert, finansiële adviseur by Solidariteit Finansiële Dienste.

**LEES VERDERE WENKE HIER**

## Studentekalender

**AUGUSTUS**

**5** SR-aansoeke sluit
**8-10** SR Onderhoude met studentesake
**9** Vrouedag
**14** Kooroptrede, Nazareth House

**21** Kooroptrede, AfriForum Teater
**19** Verkiesingstydperk vir stemming en aankondiging van studenteraad vir 2022/2023


## Lekkerleesartikels



Die tweede semester het afgeskop met Akademia se eerste wintersaksie. Hier het beide nauurse afstand- sowel as voltydse kampusstudente deelgeneem aan ŉ Top Gun: Maverick- tema. Raino Botha, 'n BA (Kommunikasie en Joernalistiek)-student skryf meer hieroor. **Lees hier.**



Die vraag op meeste studente se lippe: "Is die Kuns van Studentwees regtig só belangrik?" Daniël Langner, kultuurredakteur, skryf oor die belangrikheid van Kuns van Studentwees. **Lees hier vir meer.**




Leani Smith, nuusredakteur, het gaan inloer by ons Akademia-personeel. Hier is vyf vinnige feite oor drie van ons personeellede. **Lees hier.**





NGOS-student floreer as nasionale krieketspeler. Sy leef ook haar passie as speler vir die Protea-vrouekrieketspan uit en het aan ŉ kriekettoernooi in Engeland deelgeneem. **Lees hier.**

## FONTIEFLATER

Fontie leer saam met die studente oor die opvoedingsideaal en weet ook nou so 'n ietsie van hart en denke. Daar word dus nie net in die lesingsale geleer nie, maar ook in die waskamers en dit doen daarom Fontie se hart goed om te verneem dat die studente verantwoordelikheid neem vir hulle eie wasgoed. Dit is wel nie so verantwoordelik om 'n rooi kledingstuk aan niksvermoedende Hennies in die wasmasjien agter te laat nie. Daar mag dalk nou manne wees wat met pienk onderklere rondloop. Toemaar, Fontie sal nie oordeel nie.

Terwyl ons nou so van die skoon (nie noodwendig skitterwit nie) klere praat, Fontie het nou die dag gesien hoe die stofwolke bokant koshuis@Leriba hang. Fontie het eers gedink dat dit van die studies is, maar dit is toe van die dringende skoonmaak voor inspeksie. Dit was seker nie alte suksesvol nie, want om een of ander rede lyk die tuine nou so netjies by die koshuise.

Mag ons Fonties se gewetens desnieteenstaande skoon bly.

Laat weet gerus vir Fontie van die nuus agter die nuus sodat ons almal tussen die lyne mag lees. Deel jou bydrae tot Fontieflater hier.


## So sê ŉ nauurse student

*"Beplanning, goeie tydsbestuur en selfdissipline is belangrik om beide te studeer en jou werk te kan doen. Dit is beslis moontlik, veral vandag, waar mens maklik aanlyn kan studeer, soos by Akademia."*

**ANNEKE BOSCH**
NGOS-student by Akademia en Protea-krieketspeler

**STUUR ENIGE VOORSTELLE VIR NAUURSE AKSIES HIER.**

## Topgebeure vir die maand


### 1. AKADEMIA MAAK OPSLAE MET OMGEEWEEK

Ons Fonties het behoorlik geskitter tydens Omgeeweek wat van 11 tot 15 Julie plaasgevind het. Van hare kleur vir CANSA tot klere insamel vir Helpende Hand, het alle Fonties en personeel tydens Omgeeweek bygedra en help kweek aan Akademia se omgeekultuur. Leani Smith, nuusredakteur, skryf meer oor hierdie projek. **Lees hier vir meer.**

### 2. IS LIEFDADIGHEID 'N BELANGRIKE BOUSTEEN VIR 'N GOEIE GEMEENSKAP?

Liefdadigheid is ŉ belangrike bousteen vir ŉ goeie gemeenskap. Dit bring hoop, skep geleenthede vir groei in die gemeenskap, en help gemeenskappe om volhoubaar te word; dit leer die volgende generasie van vrygewigheid en laastens benut en ontgin die krag van ŉ gemeenskap. Om terug te ploeg in die gemeenskap waarin jy beweeg, help om die gemeenskap te versterk, vertel Deidré Fischer, gemeenskapsredakteur. **Lees die volledige storie hier.**



### 3. STUDENTERAADVERKIESING: LAAT JOU STEM TEL!

Wil jy graag help bou en bydra tot Akademia se studentelewe? Is jy toegewyd, hardwerkend en beskik jy oor goeie tydsbestuurvaardighede? ŉ Studenteraad speel onder andere ŉ groot rol in die ontwikkeling van ŉ instelling se studentelewe asook die kultuur wat onder studente heers. Daarom is dit uiters belangrik dat studente die geleentheid gegun word, maar ook benut, om hul stemme te laat hoor wanneer ŉ studenteraad verkies word. Die studenteraad-aansoeke het op 25 Julie geopen en sluit weer 5 Augustus. Akademia moedig dus elke Fontie aan om deel te neem aan hierdie verkiesing, want só dra jy by tot jou eie studentelewe. **Lees die volledige storie hier.**

### 4. NASIONALE VRIENDSKAPDAG: HOE MAAK JY TYD VIR VRIENDE IN HIERDIE BESIGE LEWE?

Ons almal is skuldig aan uitstel en afstel weens besige skedules. "Ons moet planne maak" is seker een van die sinne wat die meeste tussen vriende gebruik word. Kom ons wees eerlik: Hoeveel van daardie planne word ooit gemaak en hoeveel realiseer werklik? Saam met die ouderdom kom meer verpligtinge en daarmee saam verminder jou vrye tyd, wat tot gevolg het dat jy ŉ prioriteitslys opstel waar jou sosiale lewe nou heel onder geplaas word. **Lees hier** vir meer wenke om in hierdie bedrywige lewe tyd te maak met jou vriende.





### 5. 10 BOEKE VIR STUDENTE OM TE LEES

Lees is een van die belangrikste aktiwiteite waarmee jy jou van jongs af kan besig hou. Dit blyk talle voordele in te hou, soos beter breinaktiwiteit en kommunikasievaardighede, vermaak, groter kreatiwiteit, en stresvermindering. **Lees hier** vir die voorgestelde top-tien boeke vir universiteitstudente, soos saamgestel uit verskeie bronne.

### 6. AKADEMIA-SÊRGROEPE SE BEKENDSTELLING

Akademia se studentelewe groei en floreer behoorlik. Gedurende Julie is die heel eerste twee sêrgroepe aangekondig. Beide hierdie mans- en damesgroep bestaan uit 15 lede in totaal, onder die leiding van MJ Nel. Die oudisies vir die mans- en damesgroep het op 5 Julie by koshuis@Leriba plaasgevind waar studente elkeen ŉ 30-sekondegreep van ŉ liedjie moes voorberei. Baie geluk aan die mans en dames wat vir hierdie splinternuwe sêrgroepe verkies is. **Lees die volledige storie hier.**





### 7. GEESTESGESONDHEID: DIT IS OUKEI OM NIE ALTYD OUKEI TE WEES NIE

Geestesgesondheid is ŉ onderwerp wat al hoe meer deel word van ons daaglikse gesprekke by die werk, tussen familie en rondom vriende. Hierdie term sluit jou emosionele, psigiese en sosiale welstand in en beïnvloed die manier waarop ŉ mens dink, voel en optree. Dit bepaal ook hoe jy stres hanteer, jou met mense vereenselwig en keuses maak. Deidré Fischer, gemeenskapsredakteur, vertel meer. **Lees die volledige storie hier.**

### 8. NGOS-STUDENTE: LAASTE WEEK VAN PROEFTYDPERK!

Ons NGOS-studente moet drie proeftydperke doen by ŉ skool gedurende hul nagraadse studies. Hier is ŉ paar foto's van die vorige proeftydperk vroeër vanjaar. Ons wens julle alle sterkte toe met die laaste week!



### 9. KYK DIE NUUTSTE MENINGS EN GEBEURE VAN #FONTIEVERTEL HIER.





## VOLG AKADEMIA OP TIKTOK

Volg ons by @onsakademia
Deel jou idee vir TikTok hier



## Toptien-musieklys van ons Fonties

GENIET HIERDIE SPEELLYS, WANT DIS ALLES WAT NUUT, WARM, LEKKER EN AFRIKAANS IS

*Stuur jou voorstel vir volgende maand hier in*




Akademia het ŉ
## SPLINTERNUWE SPORTSAK

Is jy gereed vir ŉ wegbreeknaweek? Hierdie sak sal net die regte reistas wees.

*Koop joune hier*

## In die kollig: Nóg ŉ aksiesport nou ŉ werklikheid

Die eerste Akademiamans- en damesaksiehokkiespanne is in Julie bekend gemaak. Die proewe het op 22 Julie by Centurion Action Sports se baan plaasgevind. Vian van Schalkwyk, SR-lid vir Sport, wat hierdie sportsoort op die been gebring het, vertel dat hy baie opgewonde is en dat aksiehokkie uiteindelik deel van Akademia se studentelewe gaan vorm. Vir die volledige storie, klik hier.






**Sterkte aan alle mede-Fonties wat graag vir leierskapsposisies wil staan.**

ONS WENS JULLE ALLE STERKTE TOE MET DIE PROSES.

Stuur jou voorstelle vir die studentenuusbrief na fontieposredakteur@akademia.ac.za